Woensdag 2 September
Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:2 (AFR53/83/2020)
Ons word geroep om altyd geduldig wees

Paulus kom in Efesiërs 4 by die praktiese deel van sy brief. Die beginsels is gestel, nou kom die uitleef. Dit word beklemtoon. Paulus sê:

- Ek vermaan julle dan (AFR53).
- Ek druk dit julle op die hart (AFR83).
- Daarom spoor ek julle aan (AFR2020).

Die werkwoord in die Grieks dra ’n wonderlike tweeledige karakter en beteken vermaan én bemoedig terselfdertyd. Nie net negatief om te berispe nie, maar ook om positief te versterk en aan te por.

Om wat te doen? *"Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het"* (vs 1b). God het die gelowiges uit hulle doodsbestaan tot die nuwe lewe geroep. En ons moet antwoord deur hierdie nuwe lewe te leef.

En die inhoud van die roeping, die hoe? Dit kom baie duidelik na vore in vers 2 en 3. Paulus begin met ’n paar algemene oproepe: *"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde."* Dit is alles oproepe wat oor verhoudinge tussen mense handel. Wanneer dié dinge nie nagekom word nie, kan dit verhoudinge skaad en selfs die eenheid tussen gelowiges verbreek.

Ons fokus op die derde oproep: om geduldig te wees. Die woordjie "altyd" wat voor beskeie staan, word ook by die ander sake veronderstel. Daarom: wees altyd beskeie, altyd vriendelik, altyd geduldig en verdra mekaar altyd in liefde.

Dit is darem baie gevra – om altyd geduldig te wees! Dit beteken om in alle omstandighede, selfs as jy dink dat jy nou rede het om ongeduldig te raak, geduldig te bly. Ons moet! Die oproep is nie opsioneel nie, dit is ’n opdrag aan ons as nuwe mense om so op te tree teenoor ander.

Ons kan! Ons is nuwe mense in Christus en God gee aan ons geduld as vrug van die Gees.

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*